

## RASSESTRYD DEUR JESUS BEËINDIG

Ons moet nie daarin roem dat ons deur die demokratiese aksie van 1994 die rassestryd beëindig het nie. Christus het dit 2000 jaar gelede al gedoen en dit was ons wat in sonde die rassestryd in stand gehou het. So is mense deur die eeue heen. Mense bou om hulle ondeurdringbare mure as kultuur-, rasse-, taal-, en geloofsgroepe. Sulke skeidingsmure was deur die eeue oorsaak vir onophoudelike oorloë. In Jesus is die mure van vyandskap afgebreek (Ef. 2:14). Daarmee verdwyn die **verskeidenheid** van taal, kultuur, tradisies, ras en godsdiens **nie!!** Die vyandige **geskeidenheid** verdwyn. **Verskeidenheid** mag nie tot oorlog, haat, doodslag lei nie. In Christus vind die gelowiges **eenheid** in die **verskeidenheid**. Die geheim is **versoening**. Jy moet maniere en metodes soek om in **versoening** met ander te kan lewe wat nie van dieselfde kringe as jy is nie. Dit is jou Godgegewe plig. God sê jy sal dit alleen kan regkry as jou liefde tot God en jou liefde tot jou naaste **aktief-werkend** is. Met liefde en begrip span jy groot dele van die gemeenskap toe.



## HARDEKOEWEL STAMP SY HARDEKOP

'n Hardkoppige mens is 'n **hardekoejawel** wat astant, parmantig, eiewys, halsstarrig is.

**Hardekop-mense** is 'n nagmerrie! Hoe herken jy 'n *hardekop*? *Hoe lyk 'n hardekoejawel*? Dit is een wat nie vatbaar vir oortuiging is nie. Dis hy wat hardkoppig bly by 'n standpunt al is dit ook hoe verkeerd. Dis hy wat soos 'n dwaas klou aan sy eie standpunte kom wat wil. Hardekop-mense weet altyd beter as ander. *Die vraag is: Verwar jy hardkoppigheid nie dalk met standvastigheid nie? Is eiewysheid nie dalk die kern van jou hardkoppigheid nie? Jy wil jouself handhaaf deur hardkoppig te wees. Dit is selfsugtige selfhandhawing, want dit gaan net om jouself!*

- As 'n hardekop in *selfhandhawing* vervel *mis hy bekering en selfverloëning*.
- *Bekering en selfverloëning* is die eis wat Christus aan die gelowige stel.

Toe Israel hulle in die woestyn hardkoppig teen God se wil verset, het God gesê hulle is *moedswillig* en roep Hy hulle tot bekering en selfverloëning (Eks. 32:9; Deut. 9:6 & 13). *Hardkoppiges* is mense wat *doof is vir die Woord van God* (Hand 7:51). God beveel die mens *om nie hardkoppig te wees nie* (2 Kron. 30:8). Jy moet standvastig wees en 'n sterk standpunt inneem wat nét betekenis het as dit gegrond is in Gods Woord. Jou sterk standpunte moet in alles ooreenkom met God se wil (Rom. 12:2). 'n Hardekop verbeel hom dat hy alleen reg is. 'n Hardekop weier om te aanvaar dat iemand anders 'n regte standpunt kan inneem. 'n Hardekop vergeet waarop 'n mens moet vasstaan en hoe jy moet vasstaan. Die Here beveel ons: *“Moenie eiewys wees nie”* (Rom. 12:16). Omdat almal feilbare sondige mense is, moet ons aanvaar dat ons verkeerd kan wees in baie dinge waarin ander mense reg is.

*Dr. Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 29 Mei 2011

Nommer 15

## DIE WOLKWA MET HEMELVAART

Op die kalender is Donderdag 2 Junie 2011 **Hemelvaartsdag**. 'n Klein brokstukkie waarheid word in Handeling 1:9 in verband met Jesus se hemelvaart weergegee. In 'n klein skerfie van God se groot Evangelie word hier in die Skrif opgeteken. Toe Jesus voor die oë van sy dissipels opgevaar het na die hemel het **“'n wolk Hom weggeneem”**.

Ons kan ons voorstel dat dit heel rustig was by die hemelvaart van Jesus, anders as met Elia toe die wa en perde van vuur soos 'n stormwind uit die hemel gedruis het en Elia met gerammel en stormgeweld opgeruk het in die hemel [2 Kon.2:11].

Met Jesus was dit heel kalm.

Terwyl Hy besig is om met die dissipels te gesels het dit gebeur !

- Sy voete lig van die grond.
- Hy begin die lug intrek.
- Somaar so .... terwyl hulle dit sien.
- Met seënende hande word Hy kleiner.
- Toe omvou 'n wolk Hom! Hy's weg!

Jesus het egter nie bloot agter 'n verbyswewende wolk verdwyn nie. Jesus raak nie weg agter 'n wolk wat terloops iewers in die lug gehang het nie. Hierdie wolk het iets **gedoen! Die wolk het Jesus w e g g e n e e m**. Die wolk is doelbewus gestuur om Jesus te kom haal!

Meermale in die Bybel lees ons van die **aktiwiteite** van wolke of wolkverskynings.

- Toe Israel uit Egipteland getrek het, het die Here voor hulle uitgegaan in 'n wolkpilaar [Eks. 13:21-22].

(Vervolg op bladsy 7)



## PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



### Oggenddiens Tema: **WEES OP JOU POS**

**Lees:** Genesis 22:1-14

**Teks:** Genesis 22:1, 7, 11

Is jy op jou pos, ook in jou Godsdienstelewe, ten spyte van dit wat jy verwag om uit jou godsdienst te ontvang? Is jy op jou pos ten spyte daarvan dat God baiekeer ander dinge in en oor jou lewens uitstort as wat jy op daardie oomblik sou wou gehad het? Drie keer word daar na Abraham geroep, en drie keer antwoord Abraham: "Hier is ek", en dan gebruik hy 'n Hebreeuse woord wat meestal in 'n geestelike sin teenoor God gebruik word om aan te dui dat jy gereed staan op jou pos om diensbaar te wees vir God. Is jy waar God wil hê jy moet wees; besig waarmee God wil hê jy moet besig wees? Al ervaar Abraham God se opdrag hier letterlik soos 'n pyl deur sy hart, is hy op sy pos, gehoorsaam, offervaardig. God is getrou en God sorg, al was dit ook eeue later deur sy eie Seun, wat deurgaans op sy pos was, ter wille van ons en ons verlossing.



### Aanddiens Tema: **WAARMEE IS JY BESIG?**

**Lees:** Romeine 8: 1-11

Heidelbergse Kategismus Sondag 5

**Teks:** Romeine 8:3

In Sondag 5 word ons ingelei in die verlossing van die mens. Die mens is skuldig (HK 3)! God is regverdig en wil die sonde straf (HK 4). En nou begin Sondag 5 handel oor die verlossing. Die 'verwyte' van Sondag 4 het plek gemaak vir erkenning! Ek is skuldig, maar hoe kan ek verlos word? Verlossing geskied alleen volgens die reg van God – daar moet aan God se reg voldoen word. Niemand kan daaraan voldoen nie, behalwe Jesus Christus. Hoe is jou lewe tekenend van iemand wat God oneindig dankbaar is hiervoor? Waarmee hou jy jou daaglik besig?



(Vervolg van bladsy 1)

- In Eksodus 19:9 sê die Here vir Moses: "Ek kom na jou toe in 'n donker wolk".
- Toe Israel by Sinaiberg die tien gebooue ontvang en die Here met hulle praat is daar 'n donker wolk op die berg [Eks.19:16].
- Na die gebeure met die goue kalf klim Moses op die berg en **die Here het in 'n wolk afgekom en daar by Moses kom staan** [Eks.34:5].
- Van Homself sê die Here: "Ek verskyn telkens in 'n wolk bokant die deksel van die ark" [Lev.16:2].
- Jesaja skryf: "Die Here ry op 'n vinnige wolk" [Jes.19:1].
- Toe Jesus saam met Petrus, Johannes en Jakobus op die berg was "kom daar 'n wolk en gooi sy skaduwee oor hulle, en toe die wolk hulle insluit, het die dissipels bang geword. Daar kom toe 'n stem uit die wolk wat sê: "Dit is my Seun wat Ek uitverkies het. Luister na Hom" [Lk9:34-35].

Uit al hierdie Skrifgedeeltes blyk dit dat die wolk 'n sekere manier was waarop die Here by verskillende geleenthede aan die mens verskyn het. Die wolk is 'n beeld waarin die Here sy heerlijkheid aan die mens vertoon.

In Eksodus 16:10 lees ons: "***Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israëliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk***".

Die wolk is die teken van die teenwoordigheid van die Here.

In die wolk wat Jesus w e g g e n e m het, het ons te make met 'n uitbeelding van die heerlijkheid van God die Vader by die hemelvaart van sy Seun. Na die skepping was die mens heerlik, sonder sonde, heilig. Maar die sonde het die mens van sy heerlijkheid beroof. God skenk egter weer die heerlijkheid aan die mens in Jesus Christus [Rom.8:30; 1 Pet.4:14]. Ons Here, Jesus Christus, het vir ons die heerlijkheid verwerf deur sy soendood aan die kruis en sy opstanding uit die graf. As teken dat dit waar is, het God sy Seun in heerlijkheid kom haal met sy hemelvaart en Hy sal op die wolke terugkom om volle heerlijkheid te skenk aan al die verlore kinders van die Vader [Hand.1:11; Luk.21:27; Openb.1:7].

Die proses van verheerliking van die mens is nou reeds aan die gang [2 Kor.3:18].

Dr. Nico van der Merwe



Posbus 49  
Louis Trichardt  
9 Mei 2011

Die Kerkraad  
Gereformeerde kerk

Geagte broeders

**Insake Teologiese studente Hannes Lee, Jan-Louis Lee, Hardus Lee.**

Die Kerkraad van die Gereformeerde kerk Louis Trichardt wil u hartlik bedank vir die ruim ondersteuning aan die Lee broers in 2010 met hulle Teologiese studies. Met die Kerke en individuele gelowiges se ondersteuning kon ons R 61 000 vir hulle insamel. Ons neem weer die vrymoedigheid om u te nader vir hulp aan drie broers vir 2011.

Broeders **Hannes Lee** en **Jan-Louis Lee** is tans finalejaar Teologiese studente. Hulle het hulle Teologiese studies verlede jaar baie goed geslaag. Broeder **Hardus Lee** is tans 'n derde jaar Teologie student. Die broeders se ouers is lidmate van die Gereformeerde kerk Louis Trichardt. Aangeheg is 'n puntetaal wat die broeders se vordering van verlede jaar aandui.

Verlede jaar het die uitgawes R 186 800 beloop en na verwagting sal dit nie in 2011 daal nie. Die Gereformeerde kerk Louis Trichardt kon vir 2011 R 25 000 bydra vir die drie broers en hoop ons op u ondersteuning in die verband om hulle ouers te ondersteun.

Die broeders ontvang hulp uit die Kas vir Teologiese studente (beurse) van die Noordwes Universiteit maar die hulp dek nie naastenby al hulle uitgawes nie omrede die fondse waaruit beurse aan studente toegeken word, baie beperk is. Verlede jaar het die twee oudste broers elk R 24 000 ontvang en die jonger een R 20 000.

U kan asb na gunstige oorweging, oorbetalings maak by ABSA, Gereformeerde kerk Louis Trichardt Kerkkas tjekrekening nr. 10 003 401 18.

Hartlike dank en waardering vir u oorweging.

U broeders in Christus

JH Grobler (voorsitter)

L Botha (skriba)

Lidmate, vir wie dit moontlik is, word gevra om 'n helpende hand uit te steek na die teologiese studente **Lee**. Al die nodige gegewens is in die brief hierbo.

*Die Kerkraad*

## PERSONALIA

- Voorbidding word gevra vir **brs. Koos Roodt, Hennie Senekal en ds. Kosie Smit** wat baie ernstig siek is. Mag die Here hulle in die geloof versterk in hierdie tyd van swaar beproewing.
- **Sr. Annie Engelbrecht** het verlede week 'n operasie in Wilmed ondergaan en ons bid haar beterskap toe en dat daar positiewe resultate mag wees op die verdere behandeling.
- **Sr. Arenda Putter** het Vrydag, 27 Mei, 'n skoueroperasie ondergaan. Sterkte en beterskap word u toegebid!
- **Sr. Rita Nel** moet katarakte van beide oë laat verwyder. Sukses en spoedige herstel word jou toegewens.
- **Br. Gerhard Curtin** het verlede week 'n knie-operasie ondergaan en ons is dankbaar om te verneem dat daar beterskap is. Mag jou knie spoedig herstel en sterk word.
- **Sr. Hettie Cunningham** het erge las van haar rug en ondergaan hierdie week behandeling daarvoor. Die gemeente vertrou dat die behandeling 'n sukses is en dat u verligting ondervind.
- **Sr. Ria van Dyk** ondergaan ondersoek op 30 Mei. Mag daar vir jou bemoedigende resultate wees. Baie sterkte daarvoor!
- **Lientjie Smit** het die afgelope week haar verstandtande laat uithaal. Hoop jy voel gou beter.



## LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

**Sondag 29 Mei 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 68:9	Bl. 334	Psalm 145:1,2,3	Bl.696
2.	Skrifberyming 9-1:1, 10, 11		Skrifberyming 2-4:1 & 3	
3.	Psalm 42:1 & 3	Bl. 214	Psalm 9:1,7,10	Bl.36
4.	Psalm 33:6,10,11	Bl. 159		



**E-NUUSBRIEF**

Die afgelope week is die eerste van die eNuusbrief uitgestuur. Lidmate is welkom om daarop in te teken deur 'n leë/blanko epos te stuur (met INTEKEN + JOU NAAM in die onderwerpveld) aan [info@gkklerksdorpnoord.co.za](mailto:info@gkklerksdorpnoord.co.za)

**HOSPITAALBESOEKE**

'n Kernspannetjie in ons gemeente is gemoeid met weeklikse roetine-hospitaalbesoeke by die hospitale in Klerksdorp. Ons soek egter nog na mense om op Donderdae en Vrydae besoekronde te doen. Enigeen wat belangstel om hulle hulp aan te bied, of eers meer inligting daaroor wil hê, kan gerus vir dr Sarel kontak (018 468 6877 / 082 920 1601 / [sarel@gkklerksdorpnoord.co.za](mailto:sarel@gkklerksdorpnoord.co.za)).

**NA-SKOOI JEUG**

Die na-skooljeug (ouderdom 18-29) word vriendelik versoek om op Sondag 12 Junie (oor twee weke van vandag af) na die ereediens en na die katkisasie-opening voor in die kerk bymekaar te kom. Die jeugkommissie sal graag met julle gesprek wil voer en julle gedagtes wil toets rondom die wyse waarop julle as 'n groep in die gemeente bedien kan word, hetsy dmv Bybelstudie, tema-aande ensovoorts. Laat solank julle gedagtes gaan en kom help ons om die na-skool jeugbediening stukrag te gee.

**EREDIENS HEMELVAARTSDAG**

Op Donderdag 2 Junie 2011 herdink Christelike kerke wêreldwyd die *hemelvaart* van ons Here, Jesus Christus. 'n Gesamentlike ereediens word deur die Gereformeerde Kerke Klerksdorp en Klerksdorp-Noord gehou in die *kerkgebou van Klerksdorp-Noord*. Die diens begin om **18:00**.

**KOLLEKTES**

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
29 Mei	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
05 Junie	Barmhartigheid	Teologiese Studente
12 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
19 Junie	Barmhartigheid	Bybelverspreiding

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 39 Mei tot Saterdag 4 Junie 2010

Sondag 29 Mei	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 29 Mei	Katkisasie – Les 11	10:30
Sondag 29 Mei	Erediens	18:00-19:00
Sondag 29 Mei	Bybelstudie	19:00-20:00
Donderdag 2 Junie	Hemelvaart Erediens	18:00

**TEESKINKBEURTE**

Sondag 29 Mei 2011	Wyke 11 & 12
Sondag 5 Junie 2011	Wyke 13 & 15
Sondag 12 Junie 2011	Wyke 16 & 17
Sondag 19 Junie 2011	Wyke 18 & 19

**Verjaarsdae**

31 Mei	Wil Brouwer	Wyk 4	018-468-3489
1 Junie	Shani Loxton	Wyk 3	018-468-7414
1 Junie	Christa Snyman	Wyk 23	018-468-4204
5 Junie	Johan Rust	Wyk 10	018-462-7231
5 Junie	Jedrienne Jacobs	Wyk 17	018-468-6309

'n Wonderlike verjaardag word julle toegewens en die seën van die Here op julle nuwe lewensjaar

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEPE ONTVANG**

- Ds. CCA Vrey van Rustenburg-Noordoos na Zeerust.

**BEROEPE BEDANK**

- Ds. ASA de Bruyn van Wilropark na Bellville.
- Ds. MJ Erasmus van Pretoria-Wonderboom-Suid na Oos Londen.